# menlo-insig

Insig 17/2025 - 30 Mei 2025




## Boodskap van die hoof

Soos wat die winter sy arms stadig om ons vou en die laaste maand van die kwartaal aanbreek, wil ek vir ’n oomblik stilstaan en julle daaraan herinner dat hierdie laaste maand dikwels die een is waar *karakter-wys* en *deursettingsvermoë* die grootste verskil maak.

Ek wil ons leerders aanmoedig om te **eindig soos wat hulle begin het – met doelgerigtheid, dissipline en trots**. Die vrugte van harde werk word dikwels nie dadelik gesien nie, maar dit kom – elke uur wat daar studeer word, elke vraestel wat voltooi word, elke taak wat ingegee word, bou ’n toekoms waarop jy trots kan wees!

Aan ons ouers: Dankie vir julle ondersteuning by die huis, vir die aanmoediging in moeilike tye en vir julle vertroue in ons skool. Die vennootskap tussen huis en skool is van onskatbare waarde.

Julle is deel van elke Menloparker se suksesverhaal.

## Teksvers vir 2025

**Jesaja 43: 18 & 19**

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn ’n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

## Teksvers vir die kwartaal

**Jeremia 17: 7 - 8**

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here ’n veilige vesting is; so iemand is soos ’n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; ’n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

# BELANGRIK

**SKAKELS**

- Eksamenrooster
- Studiekursus
- Kultuurkalender

**WINTERSPORTBEPALINGS**

- Rugby
- Hokkie
- Netbal
- Program: 30 & 31 Mei




**DATUMS**

| | |
|---|---|
| 4 Junie | Wintereksamen begin vir graad 8 & 9 |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 27 Junie | Skool sluit |


## ED-ADMIN-NUUS

**Assessment Feed**

Die *Assessment Feed*-funksie sal vanaf Vrydag, 30 Mei tot en met die aanbreek van die nuwe kwartaal, wanneer leerders hulle wintereksamenvraestelle ontvang, afgeskakel wees.

## 'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Die Hoërskool Menlopark wen die atletiekinterhoër vir die eerste keer in 1968. Hierdie oorwinning het die weg vir vele atletiek- en sporthoogtepunte gebaan. Baie water het sedertdien in die see geloop, maar Menlo se atletieksuksesse is steeds ons trots.




## Afrikaans: 100 jaar

## Het jy geweet?

Die uitdrukking ***hier onder*** beteken 'onder die plek waar jy nou is', bv.: Kies die korrekte woord in die paragraaf hier onder.

Die woord ***hieronder*** beteken 'hierby ingereken', bv.: Die skool het 'n buitemuurse program. Skaak val hieronder.

Bron: AWS Woordelys

# MENLO-KOMMUNIKASIE

**1. Graad 10-vakveranderings**

Sperdatum vir die ondertekening van vorms en afhandeling van die proses: Donderdag, 26 Junie.
Geen vakveranderings sal na die sperdatum toegelaat word nie.
Vakveranderingvorms is in F102, by me. Estelle Velloen, beskikbaar (estelle.velloen@menlopark.co.za).

**2. Menlobond vra 'n guns**

Die Menlobond is op soek na foto's uit die skool se verlede en spesifiek van die skoolgeboue en –terrein uit die jare sestig en sewentig. Kontak asseblief vir me. Gisela Rolfes (menlobond@menlopark.co.za) indien u met hierdie projek behulpsaam kan wees.



**3. Menlo-ma's wat bid**

Donderdae om 07:30 in die koshuis se sitkamer. Kontak: 082 579 4968.

**4. Menlo-pa's wat bid**

Elke tweede Vrydag van 06:00 - 07:00 in die rugbyklubhuis.
Kontak: 082 457 6526 / 071 159 7795.

**5. Parkie-proppieprojek**

Onthou asseblief om alle plastiekdoppies skool toe te stuur.

**6. Menlo-ondersteunerstrui**

Bestellings vir die pragtige ondersteunerstrui (foto hiernaas) kan nou by Menlo se sportwinkel geplaas word. Kontak: sportsupplies@telkomsa.net.



# AKADEMIE



## GRAAD 10'S EET LW VIR ONTBYT

Die graad 10 Lewenswetenskap-leerders het die kwartaal op 'n smaaklike hoogtepunt afgesluit terwyl hulle 'n hersieningsessie voor die eksamen ingewerk het.

Elke groepie moes 'n koek versier wat soos 'n plant- of diersel lyk en heel-wat van die "organelle" is in die proses verorber!






# KULTUUR

## ATKV-REDENAARS: MENLO SPOG MET SEMIFINALISTE BY DOSYNE

**Graad 8 en 9: Voorbereid**

Clarisé van Niekerk, Janel Meijer, Lara Moolman & Leané Gerber.

**Graad 8 en 9: Onvoorbereid**

Heinrich Vögel, Anzel van Lingen, Clarisé van Niekerk, Inge Hattingh, Lara Moolman, Leané Gerber, Li-Ané Haasbroek, Luné Zwemstra, Mieke van den Berg en Rubert Pieters.

**Graad 10 — 12: Voorbereid**

Erik Senekal, Hildegard Havenga, Kayden Venter, Le Roux van Wyk, Milé Swanepoel, Nikita van der Westhuizen & Rian Knoesen.

**Graad 10 — 12: Onvoorbereid**

Clara Serfontein, Danielle Muller, Erik Senekal, Kayden Venter, Luané Erasmus, Melike Spies & Rian Knoesen.

## POORT-SKRYFKOMPETISIE: PARKIE-PRESTASIES

**Poësie-prestasie**

| | | |
|---|---|---|
| Clara Serfontein | 2de | Gedig: Eendag |

Die volgende leerders se werk is vir Poort-publikasie gekeur:

**Poësie**

| | |
|---|---|
| Leila Arnoldi | Tulpe-sang |
| Rian Knoesen | toe kom[s] |
| Clara serfontein | Eendag |
| Reeze Zeuner | 'n Eeuwige stem |

**Prosa**

| | |
|---|---|
| Jeanne-Marie van Brummelen | Die laventelblommetjie |
| Reeze Zeuner | Oorlewing |


Reeze


Leila


Jeanne-Marie


Rian


Clara

# KULTUUR

## UITSLAE: PRETORIA-EISTEDDFOD

**Klavier**
Monja van Dyk: A
Jesse Potgieter: A
Libby Pienaar: A
Luka Smit: B+, B, A+, A++ en Itemwenner
Isabella le Roux & Therese Fourie (duet): A
Jesse Naidoo: A
Isabella le Roux: A
Therese Fourie: A
Liam de Koning: A
Clara Serfontein: A+ en A
Jan-Hendrik Swanepoel: A+
Ané van Dyk: A++, B+ en Kategoriewenner

**Sang**
Michelle van Zyl: A++ en Kategoriewenner
Amelia Smit: B+
Jamien Pelser: A+
Karla van Wyk: B+ en A
Janine Oliver:  A+ en A++
Jasper Smit: 2 x B's
Jeanne-Marie van Brummelen: A++ x 3, A+ x 2 en Item-wenner van twee items

**Houtblasers (Saksofoon)**
Zea de Villiers: 2 x A++, A+ en Kategoriewenner
Imme Kromhout: 3 x A++, 2 x A+ en Itemwenner
Emily de Jager: A++ en Kategoriewenner
Menlo-saksofoonensemble (Imme Kromhout, Salmon de Villiers, Emily de Jager , Zea de Villiers en Christian Hoogenraad-Vermaak): A++

**Houtblasers (Dwarsfluit)**
Ané van Dyk: 2 x A++, 2 x A+, B+ en Kategoriewenner van twee afdelings
Zelia Küsel: 2 x A+ en Kategoriewenner
Alyssa Blennis: B+

**Koperblasers (Trompet)**
Alexander Bodenstein: A
Owen Noomé: A

**Hoogtepunte**

Zea de Villiers en Emily de Jager is na die galakonsert genooi.

Jeanne-Marie van Brummelen is na 'n oudisie genooi om 'n aria saam met die AHMP-orkes wat deur Richard Cock gedirigeer gaan word, te sing.











# SPORT: PROVINSIALE SPELERS

**NETBAL**

| | | |
|---|---|---|
| Gabby Smit | Gauteng-span | O. 19C |
| Minette Boshoff | Tshwane-span | O. 19 |

**TENNIS**

Joshua Smit & Nina Jansen van Vuuren

**HOKKIE: SEUNS**

**O. 18: Niereisende reserwes**
Brian Makamu & Daniël Palmer

**O. 16**

| | |
|---|---|
| O. 16 | JC Bennett (niereisende reserwe) |
| O. 16B | Nathan Bennett |

**O. 14**

| | |
|---|---|
| O. 14A | Aryn Matthee & Heinrich Vögel |
| O. 14B | Stian Fourie & Luyanda Vezi |
| | Travis Hough (niereisende reserwe) |

**HOKKIE: DOGTERS**

**O. 14**

| | |
|---|---|
| O. 14 | Zanda-Lee Brink (niereisende reserwe) |
| O. 14C | Shiloh Stelfox & Kiana Burger |
| O. 14A | Madelie de Beer |

**O. 16**

| | |
|---|---|
| O. 16D | Isabella Oosthuizen & Natalie Moreira |
| O. 16C | Micke Jansen v Vuuren & Emma Loubser |
| O. 16B | Megan Nieman & Kaylee Vermeulen |
| O. 16A | Monique Gerber |

**O. 18**

| | |
|---|---|
| O. 18 | Jolané Sciocatti (niereisende reserwe) |
| O. 18B | Anja Steidler, Annika Kloppers & Kathleen van Rooyen |
| O. 18A | Zoe Badenhorst |



# MUURBAL

## NJSA-TOPSKOLETOERNOOI



Menlo se seunspan wen die toernooi en kwalifiseer vir deelname aan die nasionale toernooi.

**Uitslae**

| | |
|---|---|
| Menlo vs. Midstream | 14-8 |
| Menlo vs. Zwartkop | 14-6 |
| Menlo vs. PBHS | 15-6 |

# BERGFIETS

## MENLO-BERGFIETSRYERS PRESTEER OP NASIONALE VLAK



**XCM SA Champs**

| | | |
|---|---|---|
| Jaco Aldum | 8ste | Male Youth |
| Stephan Aldum | 1ste | Male Junior |

**XCM Winter Fast One**

| | | |
|---|---|---|
| LJ van der Westhuizen | 2de | Male Junior |
| Katrijn Botha | 5de | Youth Women |

**Marathon Champs**

| | | |
|---|---|---|
| Stephan Aldum | SA Junior Marathon Champion | |
| Jaco Aldum | 6de | Algeheel |
| | 1ste | Youth |

# ATLETIEK

## MENLO-ATLETE IN SA SPAN

**AUSC REGION 5 GAMES: NAMIBIË**

| | | |
|---|---|---|
| Erik Senekal | O. 20 | Diskus |
| Karla Bouwer | O. 18 | 400 m-hekkies |
| Taelyn Smith | O. 20 | Hoogspring |

Volg die **skakel** vir meer inligting.

**CAA AFRICAN CHAMPIONSHIP: NIGERIË**

| | | |
|---|---|---|
| Joshua Gerber | O. 18 | Diskus |
| Leon Stoltz | O. 18 | 2 000 m-hindernis |
| Chirsté Loedolff | O. 20 | Diskus |
| Megan Nieman | O. 18 | 100 m-hekkies |

# KRIEKET

## PROTEA-KAPTEIN BESOEK MENLO-BODEM

Menlo se krieketspelers het ons nasionale toetskaptein, Temba Bavuma, vandeesweek op Menlo-bodem verwelkom. Die spelers het die voorreg gehad om vrae te vra en is met insiggewende antwoorde van ons kaptein beloon.

Temba is tans nommer 6 op die internasionale toetsranglys vir kolwers. Die finaal van die toetskampioenskap begin op 11 Junie, op Lord's, waar Suid-Afrika en Australië sal kragte meet. Menlo-krieket wens ons kaptein en die Proteas alle sterkte toe!



# SKAAK

**O. 15**

Wen 6 uit 6 vs. The Glen
Verloor 4.5 uit 6 vs. Garsfontein
Wen 5 uit 6 vs. Die Wilgers
Verloor 5 uit 6 vs. Waterkloof

**O. 17**

Wen 5.5 uit 6 vs. The Glen
Wen 3.5 uit 6 vs. Die Wilgers
Verloor 0.5 uit 6 vs. Waterkloof

**O. 19**

Verloor 2.5 uit 6 vs. Garsfontein A
Wen 4.5 uit 6 vs. Garsfontein B
Wen 6 uit 6 vs. Die Wilgers
Wen 5 uit 6 vs. Pro Arte

**Vriendskaplik**
**Team Chess-toernooi**

O. 17B 8ste uit 18 spanne



# WINTERSPORT

## DERBY VS. GARSFONTEIN







**Rugby**
Speel: 13 Wen: 5

**Netbal**
Speel: 18 Wen: 15

**Hokkie: Dogters**
Speel: 11 Wen: 5 Gelyk: 4

**Hokkie: Seuns**
Speel: 8 Wen: 1 Gelyk: 3

**Volledige uitslae**

# WINTERSPORT

## ST ANNE'S CUP

Baie geluk aan die o. 18A-dogterspan wat met die louere by hierdie nasionale toernooi weggestap het!

Volg die **skakel** vir meer inligting.

#menlotrots




# PRESTASIES BUITE MENLO

**Jeandre Hanekom**
Karate
SA JKA Nasionale Karatekampioenskap
1e en verwerf nasionale kleure



**Nelita de Bruin**
Robotika
First Lego League
Kwalifiseer vir deelname aan die Open Africa Championship



**Anri Fourie**
Trampolien
SA Cup
Ingesluit in die SA junior span wat later vanjaar aan die wêreldkampioenskap in Spanje sal deelneem.



# MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

SAFARI OUTDOOR

OBARO

# ONDERSTEUN ONS PARKIE-ENTREPRENEURS

Hierdie is 'n spesiale geleentheid vir alle Menlo-entrepreneurs om hulle produkte gratis te adverteer.






# MARKPLEIN

## VAKKEUSETOETSE

Spesiale aanbieding vir

Menlopark se

graad 9-leerders.

R950

Melanie Joubert

Opvoedkundige sielkundige

0837940509

## TE HUUR

## EENSLAAPKAMERWOONSTEL

- **Ideale ligging:** Oorkant Die Menlopark Hoërskool se Ouditoriumhek.
- **Adres:** Rosemaryweg 329B Menlopark.
- **Ingesluit:** Water en internet.
- **Krag:** Voorafbetaalde kragmeter.
- **Huur:** R8 500 per maand.
- **Kontak:** Tina Weber (082 886 8087).

Harcourts
Capital

## KOOP OF VERKOOP?

### VOORDEEL VIR DIE HOËRSKOOL MENLOPARK EN MENLO OUERS






Wil u graag in die Insig adverteer?

Volg die skakel vir meer inligting.